Oester F
Die storie agter die stories

Skoolkoerant van Hoërskool Jim Fouché | Mei 2025 | Jaargang 33 vol. 1 | Prys R15.00 BTW Ingesluit



# JF got talent

## 'n Aand van sterre, skouspel en skitterende geraas!

**Wenners van die JF got Talent, Makkers (dansgroep - Derde plek), Voor links, Inge Stoltz en Khanyisile Zwane (saam Tweede plek), Regs: - die band - "Geraas" (Eerste plek), saam met die bekende sangers, Appel, Brendan Peyper en Gerhard Steyn.** Foto: A. Human

**Melani Slabbert**

Op 27 Februarie het Hoërskool JF se saal gegons van afwagting, energie en natuurlik – ongekende talent! Die aand het tradisioneel afgeskop met Sweet Caroline, want wat is 'n JF-geleentheid sonder hierdie geesdriftige lied? Soos altyd is meneer Wilken met 'n tikkie dramatiese *flair* van die verhoog begelei, en toe het die talent losgebars!

Met Brendan Peyper, Gerhard Steyn en Appel as gaskunstenaars, was die gehoor behoorlik op hol. Dit was egter 'n besonderse oomblik toe Brendan Peyper – 'n oud-JF-leerder en voormalige JF's Got Talent-wenner – terugkeer na sy wortels en sy splinternuwe treffer KYK vir die gehoor sing. Toe hy tussen die leerders in die saal beweeg, was daar net een woord om die atmosfeer te beskryf: histeries!! Maar dié histerie het nie daar gestop nie... Die JF-leerders was nie tevrede met net een ster op die verhoog nie — hulle wou 'n hele sterreparade hê! Appel en Gerhard Steyn was danksy die aansteeklike gees van die leerders, wat hul name uit volle bors geskree het, ook binne oomblikke op die verhoog en het die spontaan bygedra tot die bulderende JF-gees. Dit was 'n aand van verrassing, vermaak en ongelooflike optredes.

Die tema "Boer soek 'n vrou" is met styl uitgeleef deur JP (onderhoofseun) en die seremoniemeester "oom" Du Preez Stoltz, wat in hul two-tone hemde en vellies vir die perfekte gasheerduo gesorg het.

Van musiekinstrumente en energieke danspassies tot solosang en groepitems – JF se talent het weer gewys hoekom ons skool 'n broeiplek vir sterre is!

En toe kom die groot oomblik: die wenners! Eerste plek: Die band "Geraas" – en ja, hulle naam sê alles! Die broers, Brendon en Jason Nel, saam met Vian Willemse, het met hul kitare en dromme 'n klankgolf van talent deur die saal gestuur en almal se voete laat jeuk.

Tweede plek ('n gelykopstryd!): Inge Stoltz en Khanyisile Zwane, wie se stemkrag die gehoor asemloos gelaat het.

Derde plek: Die Makkers, wat met hul super-hip danspassies die verhoog behoorlik laat kraak het.

Elke deelnemer het 'n stukkie van hul siel op die verhoog gelos, en vir JF is elkeen van die deelnemers reeds 'n wenner! Hierdie aand het nie net talent gevier nie, maar ook bewys dat groot drome hier begin.

JF's Got Talent? Ongetwyfeld! Tot volgende jaar – en dalk sien ons dan nog 'n toekomstige superster op ons eie verhoog!



Nuus
Buitelugskool 2



Nuus
MatriekRES 3



Kultuur
JF se beste Paartjies 6

# Buitelugskool, met 'n kinkel

## *Waar jy een word met die natuur...*



**Die graadnege-kampers rus 'n bietjie.** Foto:Verskaf



**Elshari Pietersen**

Die eerste week van Februarie is 'n tyd wat die graad 9's nie sommer sal vergeet nie! Dis die week waar hulle nêrens op die skoolterein gevind kon word nie, maar eerder in die berge tusse spinnekoppe, slange, skerpioene en vele meer – op 'n gasteplaas genaamd Imla.

Maandag, 3 Februarie, is daar 'n behoorlike gedreun tussen die opgewonde, maar tog skrikkerige graad 9's, oor die week wat vir hulle voorlê, en ná 'n paar keer se stilmaak in die klasse, sal mens seker wees dat die onderwysers verlig was toe die skoolklok gelui het om tjailatyd aan te kondig.

Alhoewel Maandag se opgewondenheid groot was, het dit net vergroot toe almal Dinsdaggoggend op die eiland tussen Hoërskool Jim Fouché en die Spar-winkelsentrum moes aantree om tasse te pak en dan later te vertrek. Na elle lange toustaan, kon elkeen uiteindelik 'n plek in 'n bus kry en gereed maak vir die vertrek na Imla, waar 'n vol program op hulle gewag het.

Na wat omtrent soos 'n ewigheid vir sommiges gevoel het, is daar uiteindelik voete op groen gras gesit, voor die uitsig van 'n massiewe berg, wat later deur ongeveer 230-leerders uitgeklim sou word. Na die indeling in tente is die ys sommer gou-gou gebreek deur 'n paar speletjies wat die leerders spontaan laat lag het. Met speletjies soos water-en-spons, na 'n waterballon met jou voete oor jou kop vir jou maat aangee, het elke graad 9-leerder se oë gevonkel van lekkerkry. Hiermee is die dag met 'n stappie na die dam afgesluit, waar nog speletjies gespeel is en 'n oorlog met modderklonte in die water uitgebreek het.

Met Dinsdag wat maar net uit 'n klompie ysbrekers bestaan het, was die leerders se bekertjies nog steeds vol energie wat baie vinnig, baie maklik gedreineer is met die groot staptog.

As mens die berg sommer so vlak kyk, sou mens die effek van die klim op jou kuite maklik kon onderskat. En ongelukkig is dit presies wat die graadneges gedoen het. Daarom het Liané Coetzer gesê dat sy definitief vir haar jonger self sou aanbeveel om fikser te word voordat sy op dié kamp sou gaan. Ten minste, na die voltooiing van die 11 km-staptog, kon hulle 'n vinnige duik in 'n dammetjie vat voordat hulle gaan stort het.

Ten spyte van die moeë kinders, is daar nog steeds met volle borste lof en eer aan die Here gegee toe daardie aand, net voor slaaptyd, lofprysing en aanbidding gehou is, wat die leerders weer geestelik as 'n graad versterk het.

Toe die tyd aanbreek het vir die son om sy strale weer te laat skyn, was meer as die helfte van die kinders nogals bly dat dit die laaste volle dag was voordat hulle Vrydag, 7 Februarie, terug skool toe moes keer.


Die volgende staptog was gelukkig net 4 km, en hiertydens het die leerders 'n asemrowende kloof besoek, wat beslis een as een van die "lekkerder" aktiwiteite beskryf is. Met die laaste stap na die dam het die wolke begin toetrek, wat duidelik reën voorspel het, en die graad 9's hoop gegee het om die hindernisbaan te vermy. Maar ongelukkig het hul wense nie waar geword nie toe die reën vinnig oor was en al die wolke verdwyn het.

Die prys vir die drie vinnigste spanne deur die hindernisbaan, was vleis vir hul span se potjiekos later daardie aand. Na 'n groot gesukkel, luiperdkruip deur ses opeenvolgende moddergate en aanmoediging van spanmaats, is span 1, 2 en 3 as die wenners aangekondig. Nogtans het daar 'n verrassing vir span 4 en 5 voorgelê, toe hulle ook darem toegelaat is om vleis by hulle potjie te gooi.

Hierdie kamp het gesorg vir groot pret, eenheid, en tonne herinneringe, en dit is alles te danke aan die JF- en Imla-personeel wat soveel moeite gedoen het, sowel as aan God wat almal veilig bewaar het.

Van die staptogte, na paddas in meisies se tente gooi en dan in ruil daarvoor liggaamsoefeninge doen, kan elke leerder saamstem dat daar boeke oor die buitelugskool van

# Papsop-waternat... Maar lekker!



**Lisa Botha**


Die kwartaal mag dalk chaoties wees, die huiswerk mag dalk ophoop en die moegheid mag intree... maar op 13 Februarie het Jim Fouché se leerders gewys dat niks hul gees kan breek nie! In groot getalle het hulle opgedaag – nie net om te kyk nie, maar om voluit deel te neem en die pawiljoen te laat lewe. Elke graad het 'n ander kleur gedra, en saam het dit soos 'n reuse-reënboog gelyk, propvol energie en opwinding.

Die swembaduitdaging? Absolute chaos – en ons het dit GELIEF! Swemmers moes 'n pool noodle tussen hul bene vasknyp terwyl hulle in hul stylvolle swartsak-uitrustings die swembad aangedurf het. Dit was 'n klaspanuitdaging soos min, met gelag, gespartel en 'n paar onbedoelde duike in die water!

Tussen al die gespartel van leerders het dié wat slegs vir geesbou gekom het, nie dié aand weggestap sonder dat hulle 'n nat kol iewers op hul klere gehad het nie. Vanaf al die Geronimo se dansery, asook die rasies wat die kinders nie n sekonde laat sit het nie – het al die leerders aangegaan asof hulle kon dans en sing sonder rus. Dít is was ons skool so spesiaal maak.

Die beste deel van dié geleentheid? Al was almal moeg en die kwartaal besig, het die JF-gees steeds deurgekom. Skreeuend, dansend en 100% wild, het die leerders gewys hoekom ons skool die beste is. As dit is hoe ons 'n besige kwartaal oorleef, dan kan ons net sê: Intergala 2025? Bring dit!

# Swem, sandkastele en stiltetyd in Durban



**Wihan Coertzen**

Op Dinsdagoggend 7 Januarie is 37 JFFJ-leiers se tasse vroeg reeds gelaai vir die lang pad Durban toe. Die bus, waarin daar heelpad kliphard gospelmusiek gespeel is, het om 05:00 vanaf JF vertrek, en laatmiddag veilig by die VCSV-kampterrein te Winkelspruit gearriveer.

Die leiers is vlugtig in netjiese kamers ingedeel, en van daar af het 'n prettige, maar besige, program vir hulle voorgelê.

Dit was 'n JFFJ-kamp om te onthou – die strand was minder as 'n honderd meter se stap weg, die breek van branders het die agtergrondklanke gevorm, en groot vlieënde goggas was regtig die enigste onaangenaamheid.

Die maaltye was beslis iets om na uit te sien. Die leiers is bederf met koffie en beskuit in die oggende en diep gesprekke oor smaaklike kos saam met hul etemaatjies. Skottelgoedwas is tot 'n minimum beperk met hoe skoon die borde geëet is!



**JFFJ heerlik op die strand by winkelspruit.** Foto: Verskaf

Maar die belangrikste deel van 'n JFFJ-kamp – tyd saam met God – was volop. Dit is ook nog met pret gekombineer. Almal het daagliks stiltetyd op die strand geniet. Daar is ook sandkasteelboukompetisies en skattejagte gehou waaruit waardevolle geestelike boodskappe geleer is, gelei deur die JFFJ-personeel en -hoofleerderleiers.

'n Gebedsmars en gereelde Praise and Worship het die kamp baie spesiaal gemaak.

Tog was dit 'n kamp met 'n bietjie hartseer vir party. Dit was die laaste kamp vir hierdie jaar se matrieks, waarvan baie van hulle al 'n ver pad met JFFJ stap.

Die kamp is afgesluit met 'n groot verrassing – ysskaats. En alhoewel dit nie juis almal se grootste talent is nie, het almal groot gegaan en die gegly en geglip geniet.

Dit was 'n JFFJ-kamp om te onthou, en die JFFJ is sommer klaar baie opgewonde vir die termyn wat voorlê!

# Koben Hofmeyer – 'n inspirasie vir almal

Joané de Beer

Wat sou jy dink as iemand sê hulle het twee verjaarsdae? Jy sou dink hulle is mal, maar Koben Hofmeyr se verduideliking van hoekom hy twee verjaarsdae het, is eintlik heel eenvoudig: Alhoewel sy verjaarsdag in September is, sien hy 19 Mei as sy verjaarsdag, want "Op 19 Mei 2018, is ek wedergebore."

Koben het op net vyftien jaar oud sy nek gebreek tydens 'n rugbywedstryd weens 'n verkeerde "tackle" waar sy kop tussen 'n ander speler se bene verstrengel geraak het. Nadat hy vir 'n halfuur op die veld gelê en gewag het vir mediese hulp, het die dokters later die nuus aan sy ouers gebreek dat hul vyftien jarige seuntjie vir die res van sy lewe vanaf sy nek ondertoe verlam gaan wees.

Hierdie nuus was absoluut skokkend en hartverskeurend, maar dit was nie die einde nie. Na 'n enkele ou beweginkie in sy vinger en intensiewe rehabilitasie, het Koben 'n jaar later sy eerste tree en vandag gebruik hy slegs krukke om rond te beweeg.

Koben het hierdie getuienes gebruik om op 29 Januarie vir JF 'n boodskap te lewer. Die oggend het hy vir die hele saal tydens die JF – periode hierdie getuienes gelewer om inspirasie en dankbaarheid in elke JF'er se hart te kweek. Hy het elkeen laat besef hoeveel dinge ons werklik het om voor dankbaar te wees en het almal 'n bietjie dieper laat dink met die volgende woorde: "As jy kan kla oor hoe moeilik jou lewe is, dan het jy nog 'n lewe om voor dankbaar te wees."

Koben het egter die aand by JFFJ 'n bietjie dieper gedelf en hy het onderwerpe aangespreek wat vir elkeen in JF toepaslik is. Aan die begin van sy boodskap het hy gesê: "Te danke aan die ongeluk het ek so baie wysheid en insig gekry. Wysheid en insig wat meeste mense eers laat in hulle lewe kry." En dit is beslis so, want elke woord wat Koben gesê het, was ongelooflik insigewend. Koben het gesels oor hoe hy voor die ongeluk was – 'n ongeskikte, arrogante, disrespekvolle kind wat alles gesoek het soos hy dit wou hê en iemand wat sou manipuleer, lieg en bedrieg totdat hy dit gekry het. So het hy by die skool opgetree, maar ook teenoor sy pa. Hy en sy pa het gereeld vasgesit en baklei en wat Koben volgende gesê het, dink ek het by baie mense vasgesteek: "Ek voel so skuldig oor al die jare voor die ongeluk wat ek so teenoor my pa opgetree het, ek wens ek kon dit terugneem. As ek geweet het wat vir my gewag het, sou ek miskien anders opgetree het." Dit is 'n les vir so baie van ons in JF dat maak nie saak wat jou ouers doen nie, jy hulle nog steeds met liefde, respek en danksegging in oorvloed moet hanteer, want jy weet nooit wat kan gebeur nie.

Nog 'n fokuspunt waarop Koben klem gelê het, is wêreldse dinge. Voor sy ongeluk, was hy so gefokus op aardse dinge, hetsy dit prestasies, vriende of verslawings was en dít is iets waarmee almal ooreen kan stem. Ons is so dikwels gefokus op dinge hier op aarde, terwyl ons fokus op hemelse dinge moet wees. Koben het sulke heldere duidelikheid na sy ongeluk gekry oor die dinge wat werklik saak maak en hy het almal ook herinner dat die dinge wat jy nou as baie belangrik ag, oor veertig jaar heel moontlik nie meer vir jou belangrik gaan wees nie.

Koben het afgesluit met die idee dat jy nog hier sit, wat beteken dat die Here nog steeds vir jou 'n doel het. As jy vanoggend opgestaan het, beteken dit dat die Here nog 'n plan vir jou lewe het en jou nog steeds op aarde soek.

Laat Koben Hofmeyr se storie en getuienis vir ons almal 'n herinnering wees om beter te leef vir die Here, om ons ouers met absolute respek te hanteer, om te weet ons is met 'n doel op aarde en om te bly vasklou aan die Here selfs wanneer dit moeilik en onmoontlik voel.

Jesaja 40:31: (Nuwe Internasionale Vertaling) – *"But those who hope in the Lord will renew their strength. They will soar on wings like eagles, they will run and not grow weary, they will walk and not be faint."* – Die Bybelvers wat Koben aan vasgeklou het tydens herstel en rehabilitasie.




**Koben gee eer aan die Here.** Foto: A. Human

# MX vs Res '25

## *Wie neem die kroon?*



**Matriekmeisies "warpainted" vir die groot stryd teen die graad 11's.** Foto: Mishka van Biljon

Twané Meyer

Op Vrydag 14 Februarie het ons nie nét Valentynsdag gevier nie. Ons het ook lekker pret met die MX vs Res-geleentheid gehad, waar die graad 11's en 12's mekaar jaarliks die stryd aansê.

Die matrieks was in rooi getooi, en die graad 11's in swart.

Elke graad het die geleentheid gekry om 'n skouspelagtige verskyning te maak (die matrieks altyd met motors, want hulle het mos nou lisensies) terwyl die jonger grade toegekyk het en die geleentheid gebruik het om 'n geraas te maak!

Daar is speletjies gespeel om punte bymekaar te skraap, en aan die einde 'n algehele graad as wenners aan te kondig. Die dag het bestaan uit waterballongevegte, 'slip en slide'-lekkertes en soveél meer - natuurlik alles in die water om verligting van die Vrystaatse hitte te kry. Musiek het gedreun en heupe het geswaai.

Op hierdie dag van liefde - en motors - het Daniel Ashkettle die geleentheid gebruik om sy meisie, Leané de Villiers, na die matriekafskeid te vra deur haar te verras met 'n trok waarop die woorde staan: "Leané sal jy saam met my matriekafskeid toe gaan?"

Die dag kan opgesom word in drie woorde: KOMPETISIE, PRET en GEES!

Soos mnr. Wilken altyd sê: "Die is mos nou beslis beter as 'n wiskundeperiode!

Matrieks, dit was ons laaste een gewees... Graad 11's: "Better luck next year!"

# Vonke, gees en kleur

Adele Pienaar

**Kleur, gees en atmosfeer is een van die vele dinge wat ons as 'n JF-gemeenskap weet hoe om spontaan te skep.**



Foto: Verskaf

Op 24 Januarie 2025 het Hoërskool Jim Fouché hulle jaarlikse kleureatletiek gehad, maar hierdie jaar was beslis nie soos al die vorige jare nie, hierdie een was... Uniek.

Wit span teen Groen span, wie vat die kroon? Hoogspring, verspring, spiesgooi en gewigstoot is maar net 'n paar van die items waaraan die JF'ers kon deelneem. Hierdie middag/aand was besonders, want leerders het nie net deelgeneem om 'n eerste, tweede of derde plek te kry nie, maar sommer net vir die pret daarvan.

Dogters wat aantree by die wegspringpunt wat arms inhaak en sommer saam huppel, het 'n warm gevoel in jou hart geskep. Ouers wat langs die veld staan met die grootste trots en liefde in hul hart, maak van JF die skool wat dit is.

Kom ons vergeet nie van die hoofsaak nie: Die gees. Alhoewel die dag gegaan het oor wit teenoor groen, het die leerders van JF hulle gesin steeds gewys wat dit beteken om saam te staan. Die oomblik wat "Sweet Caroline" begin speel, weet die leerders dit is tyd om in te haak en uit volle bors saam te sing asof hierdie lied ons volkslied is – natuurlik met die JF-twist.

Soos die aand einde se kant toe staan en die punte op die wit bord begin verskyn het, sien jy net meneer Wilken en juffrou Koekemoer se gesigte raak skoon bleek, want hulle weet wat kom vir een van hulle. Wie gaan hierdie jaar die geesbeker vat? Vlamme brand en vonke skiet van die braaiers langs die veld, en terwyl die leerders lekker geesvang en aan die velditems deelneem, braai die ouers 'n lekker vleisie op die kole.

Met elke sekonde wat verbytik, word die spanning meer. Die onderwyser wie se span verloor, gaan ook nie net natgegooi word met water nie, maar gaan gesmeer word met geklopte room in die gesig.

Die tyd het aangebreek, wie gaan wen? Hierdie is 'n naelbytoomblik vir almal, die kinders, ouers en dan natuurlik meneer Wilken en juffrou Koekemoer. 3... 2... 1...

Die wen span is...

DIE WIT SPAN!

Voor die aand behoorlik verby is en die naweek begin, staan die JF-leerders vir oulaas saam vir die ikoniese JF-kreet. Wat 'n wonderlike manier om hierdie aand af te sluit as 'n JF-gemeenskap.


NWU PUKKE
KWIKSPAR GARDENIAPARK
i'm lovin' it

# Redakteursbrief



**Jaco Deysel**

## Die wêreld is jou Oester, liewe Oester-leser.

Met my eerste tree binne ons *Oester* nuuskamer – die een helfde klaskamer en die ander helfde georganiseerde chaos – was ek totaal onbewus daarvan dat ek by iets heiligs ingestap het.

Die *Oester* is 'n publikasie wat soveel meer is as net ink op papier of pixels op 'n skerm. Dit is 'n ruimte waar gefluisterde stories in gedrukte waarhede verander word. 'n Plek waar die doodgewone gesien word, en dié wat oorgesien word, 'n plek kry.

Hierdie ideale was nog altyd die hart en siel van Die *Oester* – en hoeka ook wat my kop as redakteur bo water gehou het. Alhoewel die JF-kalender propvol nuuswaardige gebeurtenisse is, was ons doelwit nooit om net die hardste stories na te jaag nie.

Om die stories agter die JF-storie vas te vang en in woorde te omskep was nog altyd die fokus; om dit wat onder die oppervlak begrawe is en stilletjies wag vir iemand om diep genoeg te grawe, te vind. Soos duikers wat pêrels soek, het ons JF se stoepe, harte en stil hoeke deursoek vir dié oomblikke wat saak maak – soms stil, maar altyd doelgerig.

In 'n wêreld wat behep is met die spoggerige en sensasionele, het Die *Oester* gekiés om stil te staan, waar te neem en te skryf oor wat ander miskyk. Dit is wat Die *Oester* maak.

Aan my span: Julle is die hande wat elkeen van dié skulpies oopgebreek het. Jy het die krag van luister geleer – van die towerkrag wat kan ontstaan wanneer iemand bloot die tyd neem om net te luister.

Terwyl ek groet, weet dít: Ons het dalk nie die wiel herontdek nie, maar jou werk as skrywer maak saak. Jou pen is 'n mikroskoop, jou kamera 'n lantern, en jou vrae die sleutels wat wonders kan oopsluit. Om onmerkwaardig in onvergeetlik te verander is meer as 'n kuns – dis 'n talent. Jy het ruimte gemaak vir nuanse in 'n wêreld wat dikwels kleurloos is.

Soos my laaste paar woorde, metafore en idiome oor my slothoofstuk in Die *Oester* vloei, spoel twee jaar se herinneringe soos 'n golf van dankbaarheid oor my. Die ontsaglike voorreg om hierdie reis as redakteur met 'n droomspan mee te maak, sal ek vir altyd in my hart koester.

Terwyl ek die aflosstokkie oorgee, laat ek jou met hierdie: Die wêreld is jou oester. Dit is nie net 'n frase nie, maar 'n belofte. Die wêreld is joune om te verken, om uit te daag, om te verander – met jou woorde. Jou woorde dra gewig. Elke sin wat jy saamryg is 'n draad in die groter tapisserie van die JF-gemeenskap. Moet onder geen omstandighede die krag van jou perspektief onderskat nie.

Hou aan om stemme op te hef, gewaagde vrae te vra en fluisteringe in stories te verander. Die moed wat dit verg om eerlik te skryf, is die dryfkrag agter verandering.


En miskien was hierdie koerant – ons Oester – nog net jou eerste pêrel. Hou aan met grawe – veral aan die stories waarna niemand soek nie.

Met eindelose trots en diepe dankbaarheid,

*Jaco Deysel*




# BTW-verhoging



**Jaco Deysel**

'n BTW-verhoging lyk dalk na 'n "grootmensprobleem" – die soort wat in parlementsale en nuuskamers bespreek moet word. Maar... Sy skadu strek tot in ons klaskamers, in ons kosblikke en in die daaglikse lewens van leerders regoor die land. Daarom is ons as leerders vuisvoos – as óns nie daaroor praat nie, wie sal?

Net 'n halwe persent.

Dit is wat hulle gesê het. Net 'n klein stootjie – 'n klein tweak om die land se finansies te red. Maar daardie "klein stootjie" tref soos 'n slaggat op 'n stukkende pad – veral as jou brandstoftenk reeds laag loop weens rooigedrukte brandstofpryse. Vir die meeste politici is 0,5% skaars 'n druppel in die emmer. In teenstelling hiermee, is dit vir die gemiddelde Suid-Afrikaner nog een sny in 'n duisend, wat ons droog laat bloei terwyl ons aangesê word om akkoord te gaan daarmee – om geduldig te wees, om te verstaan, om gordels wat reeds op die laaste gaatjie is, styf te trek.

Daardie ekstra halwe persent heg hom stilweg aan byna alles – brood, busgeld, skoolboeke, die pen wat jy nou gebruik – en skielik kos dit meer om bloot te lewe. Hy heg hom aan die geluid van 'n stukkende projektor, aan die skeurgeluid van 'n uniform wat nie vervang kan word nie, en aan die stille kreun van die leerder wat swygend pouse-ete moet oorslaan.

Vir gesinne wat reeds met beperkte begrotings moet oorleef, is dit asof prysetikette hul smalend uitlag.

Hierdie toename is meer as net 'n knarsende getal op 'n staatsbegroting – dit raak ons huise en skole ten seerste. Die snoepietannie wat jou naam ken, moet skielik meer vir snoepiehappies vra; skooluitstappies loop nou die gevaar van kansellasie, en daardie nuwe skoolsweetpak sal dalk 'n klein bietjie langer moet wag.

Daardie "klein stootjie" beteken dat jou ma se kruidenierswarerekening sopas gestyg het. Dit beteken minder munte in die snoepie-tou en meer ongemaklike stiltes wanneer 'n ouer moet erken dat hulle nie nog 'n skoolfondsinsameling kan bekostig nie.

En nee, skole kry nie 'n magiese belastingvrystelling nie. Skole betaal nou meer vir boeke, vir toiletpapier en vir brandstof om skoolbussies te laat ry – al die klein goedjies wat die ligte aan en die deure oophou.

Die kersie op die koek: Raai wie voel hierdie stootjie? Nie dié wat die begroting onderteken nie.

Ons doen. Die leerders.

Die onskuldige kleuters met ritselende swaaistelle, verbrokkelende klaskamers en groot drome. Daar word aan hulle vertel dat onderwys die toekoms is, maar hoe is hulle veronderstel om aan daardie toekoms te bou wanneer selfs hul potlode swaarder belas word?

Maar, laat ek die aap uit die mou laat – ons is nie magteloos nie. Ons gee aandag. Ons vra vrae. Ons skryf artikels, verhef skoolstemme en vind maniere om mekaar te ondersteun. Of dit nou is om handboeke te deel, saamryklubs te stig, óf om deur verdraagsaamheid net te verstaan dat nie almal dieselfde dinge kan bekostig nie.

Ons leer hoe om op 'n vreedsame en patriotiese wyse terug te druk – saam – met ons skoolstemme. Die stelsel is dalk gebrekkig, maar ons stem is nie.

Want selfs met die gewig van 0,5% op ons rug, hou ons aan beweeg. En dit is iets wat geen belasting kan wegneem nie.

BOKOMO WEET-PIX

Stuur jou WEETPIX™ foto aan: die Redakteur @ Mevrou Annatjie Human se klaskamer















# Oester Redaksiespan 2025

**Redakteur**
Jaco Deysel

**Skrywer**
Abigail Fivaz
Adele Pienaar
Ansje Bekker
Gé Coetzee
Hilton Bender
Joané de Beer
Liechen Willemse
Lisa Smith
Lisa Botha
Melani Slabbert
Shilon Smit
Theani Botha
Wihan Coertzen
Corlé Roos
Karli Botha
Paula Swart
Rizé Biermann
Arné Roos
Twané Meyer

**Fotograaf**
Miscka van Biljon
Jacobus Lourens
Lisa Lourens
Nishje Swart
Melinke van Delft
Owen Norval
Sumari Oosthuizen
Diané Gillmer
Cara Hensberg
Joané Lietsman

*Oester* se redaksie onderskryf die gedragskode van die Persombudsman van Suid-Afrika. Die menings wat in hierdie uitgawe uitgespreek word, is nie noodwendig die amptelike mening van die beheerliggaam en personeel van die Jim Fouché Hoërskool nie. Al die inhoud is onderhewig aan kopiereg, wat berus by die beheerliggaam van die Jim Fouché Hoërskool.


**Rig enige navrae aan redaksie@jf.co.za**




**Het jy geweet?**

'n Koei wat 'n naam het sal 210 meer liter melk in 'n jaar produseer as 'n koei sonder 'n naam.

# Meneer en Juffrou sê: Valentynsdag-weergawe



Liechen Willemse

By JF is die onderwysers altyd besig om die ekstra myl te stap of om te werk tot hulle die kromme note haal. Maar ek het onlangs 'n paar vrae aan die JF-onnies gerig... en uit hul antwoorde is dit duidelik dat daar ook plek vir die liefde is!

Eerste het ek by juffrou Millie van Wyk gaan inloer. Sy is gevra om haar eerste soen op 'n skaal van een tot tien te beoordeel. Ongelukkig beoordeel sy haar eerste soen met 'n nul uit tien, want sy kon dit nie onthou nie. (Duidelik was Wiskunde die enigste ding op juffrou Millie se brein!)

Daarna het ek vir juffrou Nerine Truscott gevra wat sy dink van die gesegde "Liefde met die eerste oogopslag." Juffrou Nerine se antwoord was dat sy nie glo in liefde met die eerste oogopslag nie. Met die eerste oogopslag weet jy nie wat die persoon se waardes is nie. Hulle karakter en persoonlikheid is steeds vir jou onbekend. Jy kán dalk fisies aangetrokke wees met die eerste oogopslag, maar 'n mens kan eers lief vir iemand wees wanneer jy die persoon se hart ken. Hierdie antwoord het behoorlik aan my hart se snare getokkel!

Meneer Jacques van der Merwe is gevra om sy beste "pick-up line" te gee. Hy het sommer vinnig-vinnig aan een gedink. "Maak jou oë toe... Wat sien jy? (niks) Dit is jou lewe sonder my!" (Ek dink die JF-manne kan 'n paar wenke by meneer Jacques kry, want lyk my meneer Jacques is 'n gesag-hebbende bron op die liefde!)

Ek het nog altyd gewonder hoe meneer Wilken sy vrou (juffrou Wilken) se hart gewen het, maar toe ek vir juffrou Wilken vir háár beste "pick-up line" vra, het ek my antwoord gekry. "They say nothing lasts forever, so will you be my nothing?" (Romanties... Geen wonder meneer Wilken is smoorverlief op haar nie!)

JF-onderwysers is meer as net onderwysers; hulle is mense met die grootste harte, nie net vir hul geliefdes nie, maar ook vir Jim Fouché en sy leerders!

## Flickresensie

# Die Kwiksilwers (2024)



Elshari Pietersen

*Met Jordy Sank, Gabriella Blumberg, June van Merch en Marista van Eden*


As jy ooit jou oupa of ouma onderskat het omdat hulle oud is en hulle jou die teendeel (dat hulle wel oud, maar definitief nog nie koud is nie!) bewys het, is hierdie fliek vir jou!

In die film ontmoet ons die hardkoppige Elsabé Marais haar nuuskierige buurvrou Anna, die energieke Mienkie en laastens die introvert, Katie. Saam besluit dié vier om in Elsabé en haar oorlede ma se Ford Granada, genaamd Kwiksilver, te klim, en vir die heel laaste keer 'n avontuur deur die Karoo aan te pak op pad na die Sutherland Planetarium om na meteoriete te kyk sonder dat Elsabé se seun, Wickus, wat sterk op hulle spoor is, hulle vind.

Die film bestaan uit lekker-lag-tonele en tog ontdek elkeen van die vier karakters 'n nuwe kant van hulself. Die film het in 2024 by die Silwerskermfees gewys en jonk tot oud sal dit kan geniet.




# Toiletpapier - Persoonlikhede



Shiloh Smith

Klein gewoontetjies kan soms 'n goeie aanduiding van jou persoonlikheid wees? Glo dit of nie, selfs watter kant om jy die toiletrol plaas, is volgens kundiges beduidend!

Dr. Gilda Carle het navorsing oor presies hierdie aspek gedoen. Sy het vir omtrent 2000 mense (mans en vroue) tussen die ouderdomme van 18 en 75 gevra hoe om hulle die toiletpapierrolletjie sit wanneer hulle dit omruil. Almal wat sy gevra het, het verskillende belangstellings gehad. Sy het tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

**1. BAARD (VOOR-OOR)**

Mense wat hulle toiletpapier só sit dat die los stuk toiletpapier voor die res van die toiletrol is, is meer geneig om 'n dominerende persoonlikheid te hê. Hulle neem gewoonlik beheer of leiding en tree met 'n "kan doen" en selfgeldende houding op. Hierdie mense vervul ook meestal leiersrolle en hou daarvan om beheer te neem. Volgens Carle het mans, eerder as vrouens, 'n dominerende persoonlikheid (alhoewel selfstudie NIE hierdie stelling ondersteun nie!)

**2. MULLET (AGTEROM)**

Hierdie mense doen presies die teenoorgestelde as dominerende mense. Hulle sal die los stuk toiletpapier agter die res van die toiletrol laat hang. 'n Onderdanige persoonlikheid kan van hierdie mense verwag word. Algemene eienskappe is dat hulle geduldig, empaties en rustig is. 'n Mens kan ook sê dat hulle 'n tipe B-per-


https://depositphotos.com

soonlikheid het. Hulle ervaar lae spanningsvakke en pas maklik by veranderende omstandighede aan. Tradisioneel het vroue hierdie persoonlikheidstipe, en dit help hulle om na die mense in hulle gesin om te sien en om hulle te versorg. In realiteit kan enige iemand egter 'n tipe B-persoonlikheid hê.

**3. MAAK DIT REG!**

Die studie het ook gevind dat mense geneig is om die toiletrol die "regte" kant om te sit, al is hulle nie by hul eie huise nie. Mense met 'n dominerende persoonlikheid veral, sal die toiletrol omdraai dat dit voor-oor is indien dit agterom is, selfs al is hulle nie by hulle eie huis nie. Mense met 'n onderdanige persoonlikheid, sal die rolletjie die meeste van die tyd los net soos dit is, maar sal van tyd tot tyd die rol, volgens hulle, reg omdraai as dit dalk voor-oor is en nie agterom nie. Hoewel hierdie studie nie 'n volledige (of noodwendig 100% betroubare) persoonlikheidsontleding is nie, is dit interessant om te sien hoeveel 'n mens van jouself en ander mense rondom jou kan leer deur net na goed soos hul voorkeur toiletpapier-rigting te kyk.

Nou is daar nog net een belangrike vraag oor waaroor jy vannag kan wakker lê:

Moet 'n mens die toiletpapier vóú of frómmel voor jy dit gebruik?

# Geur en glans:

## Krispy Kreme se reis na Bloemfontein



Adele Pienaar

Het jy jou al ooit in 'n situasie bevind: Jy lê op jou bed lê ná 'n lang dag. Jy gaan rustig deur jou sosiale media of kyk na videogrepe op Tik Tok of Instagram. Skielik kom daar 'n video op wat jou mond laat water. En hoe meer jy kyk, hoe lekkerder raak dit wat jy sien.

Ons almal was al daar gewees, kom ons wees eerlik. Tye wanneer ons na oorsese kitskosplekke kyk, of dit nou *Chick-Fil-A* se lekker, sappige hoenderrepies is met hul spesiale sous, en of dit *Dairy Queen* is met hul heerlike melkskommels. Ons almal het al gewens dat ons in Bloemfontein sulke lekker plekke kon kry.

Maar hoe sal hulle in Engels sê: "Your wish is my command!" Die tyd het aangebreek... Krispy Kreme kom Bloemfontein toe!

Op 10 Januarie 2025 het Bloemfontein sy eie Krispy Kreme gekry. Alhoewel ons nie die winkel self het nie, kry ons nou ook, te danke aan Checkers Preller Plein en Langenhoven Park, die wonderlike, liplekker voordeel om dié produkte te kan koop en heerlik daaraan te smul.


Dis ongelukkig slegs op Vrydae en Saterdae beskikbaar ... So wie eerste daar is, word eerste bedien. Daarom moet jy jou pad sommer gou-gou na Checkers toe vind, sodat jy nie hierdie wonderlike smaakbelewenis misloop nie.

Elkeen geniet dit so dan en wan om 'n bietjie "stout" te wees, en as jy al Krispy Kreme gehad het, weet jy hoe verslawend hierdie oliebolle kan wees. As jy dit egter nog nie geproe het nie, is dit tyd om die stoute skoene aan te trek en jou weg na Checkers te vind. (Wenk: Doen dalk eers die Parkrun by Innibos!)



# JF se beste paartjies

*Liefde is in die lug*




Liechen Willemse

Die JF-gemeenskap het gestem vir hul drie gunsteling paartjies.

**Nommer 1: Die "Upcoming Couple" - Qian Moller en Sadé Fourie.**

Hierdie is beide matriekleerders en die liefde borrel tussen hulle. Hulle is gevra wie meer geneig is om Valentynsdag te vergeet, en albei het soos 'n koor gesing dat dit sal Qian wees. Dis eintlik ironies, want die een wie die mees romanties is, is Qian. Ons sal nou maar wag om te sien watse romantiese streke Qian het om Sadé se knieë lam te maak op Valentynsdag.

Hulle is ook gevra wat die wenresep vir hoërskool verhoudings is, waarop albei geantwoord het: "kommunikasie". gelyktydig!



**Elanelle en Rico.** Foto:Verskaf

**Nommer 2: 'n Amptelike Paartjie - Janah Swarts en Wihan Coertzen.**



**Janah en Wihan.** Foto:Verskaf

Janah en Wihan is nou al tien maande lank in 'n verhouding. Hulle wenresep? Kommunikasie! Kommunikasievaardighede is vir albei van hulle baie belangrik.

Wihan het dit óók baie duidelik gemaak dat dit belangrik is om betyds op te daag vir 'n afspraak. Janah en Wihan sal nie hul lewens sonder mekaar kan indink nie nie.

"Janah vorm teen hierdie tyd 'n hoeksteen in my lewe. Ek is al só gewoond aan haar daaglikse geselskap, dit sal byna onmoontlik wees vir my om haar uit my prentjie te haal", sê Wihan. Janah noem op haar beurt weer: "Ek voel Wihan is iemand wat my ondersteun, my bestevriend is en saam met my groei in my verhouding met Jesus. Om die toekoms saam met hom aan te pak sal 'n voorreg wees"

**Nommer 3: Die Skoolliefdes - Elanelle Strydom en Rico Kellerman.**

Elanelle en Rico se liefdesogies is sigbaar van 'n myl af, hul liefde en toewyding teenoor mekaar is iets waarna enige enkelloper na opkyk. Hulle is al vyf jaar lank in 'nverhouding, en dít wil gedoen word! Elanelle en Rico se wenresep vir hoërskool verhoudings is: "oop en eerlike kommunikasie". Jy kan maar gerus hul raad volg, want duidelik weet hulle waarvan hulle praat.



**Qian en Sadé.** Foto:Verskaf


Na dié gesprekke is dit duidelik dat goeie kommunikasie jou verhouding suksesvol kan maak, of dit nou romanties óf vriendskaplik óf professioneel is.

Mag elke paartjie 'n wonderlike JF-Valentynsdag hê.

# Koshuis: 'n Huis weg van die huis



**Nuwe huisouers en personeel.** Foto:Verskaf



Melanie Slabbert

In die bruisende wêreld van die Anton van Wyk Koshuis is daar 'n nuwe paartjie wat die hartklop van die huis vorm – oom Neels en tannie Lea Lubbe. Hulle is nie net koshuisouers nie, maar ook mentors, raadgewers en die stewige anker vir menigte leerders wat ver van hul eie huise af is.

Maar waar het hierdie dinamiese duo begin? "Ons het by 'n partytjie ontmoet," vertel tannie Lea met 'n glimlag. "Maar nee, dit was nie liefde met die eerste oogopslag nie. Dit het 'n paar kuiers gevat voordat die vonke behoorlik gespat het."

Nou, 42 jaar later, is hulle stéêds 'n span – nie net in die huwelik nie, maar ook in hul roeping as koshuisouers. Met drie seuns en drie kleinkinders, verstaan hulle die dinamika van 'n besige huis, iets wat beslis handig te pas kom in hul daaglikse take.

Vir die afgelope 30 jaar is oom Neels en tannie Lea die rugsteun van talle jong lewens. Hul koshuisreis het by Motheo FET College begin, later het hulle na Hoërskool Namakwaland in Springbok geskuif en uiteindelik hul plek gevind by Anton van Wyk Koshuis in Bloemfontein.

"'n Tipiese dag begin voor die haan kraai," sê oom Neels. "Van dagbeplanning tot ontbyt, inspeksie en selfs herstelwerk – daar is nie 'n vervelige oomblik nie."

'n Huis met Tradisies en Waardes

Een van die belangrikste reëls in die koshuis is die in- en uittekenstelsel. "Toesig en beheer is noodsaaklik," verduidelik tannie Lea. Maar dissipline is net so belangrik. "Dit leer selfstandigheid en verantwoordelikheid – lewenslesse wat die leerders hulle lewe lank sal dra." Tradisies soos samehorigheid lê hulle ook na aan die hart. "Ons wil hê die kinders moet voel hulle is deel van 'n groter familie," sê sy. "Ons doen dit deur betrokke te wees – in groot en klein oomblikke."


Die koshuiswêreld het oor die jare verander. Waar kinders vroeër op hulself aangewese was, is daar nou 'n sterk netwerk van ondersteuning. "Ons probeer leerders leer om respek en omgee vir mekaar te hê," voeg oom Neels by. "As ons mekaar met liefde en deernis behandel, maak dit die wêreld 'n beter plek."

Toekomsdrome vir Anton van Wyk Koshuis

Maar wat hou die toekoms in? "Ons droom daarvan om Anton van Wyk die beste koshuis in Bloemfontein te maak – 'n huis waar kinders nie net bly nie, maar tuis voel," sê hulle met trots. En om daardie visie te bewaarheid, is daar reeds planne in die pyplyn, insluitend opgraderings aan die seunsbadkamers om dit op dieselfde hoë standaard as die meisiesbadkamers te bring.

Met hul liefde vir jongmense, hul sterk waardes en hul toewyding daaraan om 'n verskil te maak, is dit duidelik: oom Neels en tannie Lea is meer as net koshuisouers – hulle is die hart van Anton van Wyk Koshuis.

# Elke keer 'n kolskoot



Theani Botha

By Hoërskool Jim Fouché word ons nie net geïnspireer deur die leerders se prestasies nie, maar ook deur ons eie personeel. Juffrou Elmeré van der Berg maak haar merk op internasionale netbalbane, terwyl sy steeds haar passie vir onderwys uitleef.

Hierdie oud-JF'er se passie vir netbal het op laerskool begin toe sy aan verskeie sportsoorte deelgeneem het. Op hoërskool het sy al haar aandag op atletiek en netbal gefokus. Later sou netbal baie deure vir haar oopmaak.

Om vir die Proteas te speel terwyl sy steeds onderwys gee, is geen maklike taak nie, maar juffrou Elmeré slaag daarin deur beplanning en ondersteuning.

"Ek is baie dankbaar dat JF vir my die geleentheid bied om netbal te speel en nog steeds skool te hou. As ek terug is in die land, beplan ek gewoonlik my werk só dat al die leerders se werk klaar is wanneer ek vir netbal moet vertrek. JF help my dan ook met 'n aflosonderwyser terwyl ek weg is."

As 'n internasionale netbalspeler het sy seker al 'n paar hoendervleisoomblikke gehad, maar haar mees onvergeetlike oomblik is die 2023 Wêreldbeker,



**Elmeré van der Berg in aksie.** Foto:Verskaf

toe hulle die volkslied gesing het voor hulle eerste wedstryd en almal hard saamgesing het.

Wanneer sy vir 'n wedstryd voorberei, luister sy in die bus op pad na die baan na haar gunstelingmusiek. Haar span het ook 'n tradisie om musiek in die spanlokaal te speel terwyl hulle gereed maak. Onder die druk van 'n wedstryd bly sy gefokus deur haar unieke tegniek: "As ek my fokus verloor, slaan ek myself liggies op my bobeen en herfokus dadelik."

Juffrou Elmeré glo dat sport nie net fiksheid bevorder nie, maar ook help om met mense oor die weg te kom. "Omdat mens lank saam op toere is, leer jy hoe om met verskillende persoonlikhede oor die weg te kom, en dit help jou met mensevaardighede."

Sy se ook dat onderwys vir haar 'n natuurlike keuse was. "Ek het nog altyd daarvan gehou om met kinders te werk en voel ek kan baie vir hulle beteken, veral vir diegene wat wil ontwikkel en verbeter."


Juffrou Elmeré se storie is 'n bewys dat harde werk, passie en goeie tydsbestuur enige droom moontlik maak. Sy is nie net 'n aanwins op die netbalbaan nie, maar ook in die klaskamer. Ons wens haar alle sukses toe in haar loopbaan, en ons weet sy sal aanhou uitblink.

Pick n Pay Inspired by you

Annette's Creative Sewing

AWERBUCHS

# Omgee-waarde



**Lisa Smith**

Omgee is nie 'n eienskap wat mens dikwels as 'n waarde sien nie; mens sien dit eerder as iets wat jy vir 'n persoon na aan jou voel. Maar om om te gee vir iemand buite jou binnekring – dit is wat van omgee 'n Christelike waarde maak.

Die tweede, en belangrikste gebod, volgens Jesus, is: "Hê jou naaste lief soos jouself" – Markus 12:31. Jou naastes verwys nie net na die mense aan wie jy die naaste is nie, maar na almal met wie jy paaie kruis.

Wanneer ons kyk na die voorbeeld wat vir ons gestel is deur Jesus Christus, was sy omgee die genade wat hy aan ons getoon het deur Homself vir ons te offer.

Die offer wat óns vandag vir ander kan bring, is ons tyd, wat behels om aandag te gee aan wat om ons aangaan en regtig te sien wat ander nodig het. Of dit nou is om jou tunabrootjie te deel of om te help om 'n swaar tas te dra, gee ietsie kleins, gee 'n bietjie van jouself. Gee om.



Foto: Verskaf

# Integriteit se ware kleure

## *Eerlik, respek en geduld*




Foto: Verskaf



**Elshari Pietersen**

'Integriteit is 'n woord wat JF-leerders baie goed as een van ons waardes ken. Dis net 'n jammerte dat nie almal presies weet wat die betekenis daarvan is of hoe ons integriteit (of gebrek daaraan) onsself of ons skoolmaats kan beïnvloed nie.

Integriteit is om die regte ding te doen, selfs al weet niemand daarvan nie. Saam met dit, is dit ook om sterk beginsels te hê en nie toe te laat dat enige iemand sommer net daaroor trap nie. 'n Goeie voorbeeld hiervan is om te besluit dat jy elke middag seker sal maak dat jou huiswerk gedoen is, maak nie saak hoe onskuldig dit ook al mag lyk om dit vinnig in die periode voor die tyd te doen nie.

Chrishelle Jonker, 'n graad 9-leerling, sê sy kom agter dat leerders die meeste sukkel met die besluit om "nee" te sê vir die onopmerklike regmaak van foute in assesserings om beter punte te verdien.


Van die belangrikste eienskappe van integriteit is om eerlik, respekvol en geduldig te wees. As jy dít kan toepas in jou lewe, sal dit baie makliker wees om met integriteit te lewe. Om met integriteit te leef, vra jouself die volgende: Is dit regtig wat ek wil hê? Is dit wie ek is of wil wees? Sal my besluit my of die mense rondom my negatief beïnvloed?

So volgende keer wanneer daai een pel vir jou vra om saam met hom/haar te gaan tjoef, sê eerder nee en draai om voordat dit te laat is en jy dalk ingee. Jy is waardevol genoeg om nie toe te gee aan iets wat teen jou beginsels is nie.

Swindoll Charles R het die volgende gesê: *"Real integrity stays in place whether the test is adversity or prosperity"* (Werklike integriteit bly staan, of die toets nou teëspoed of voorspoed is.) So integriteit beteken om in goeie EN in slegte tye die eerlike, opregte besluite te neem.

En onthou net, wanneer jy weet niemand sien jou nie, en jy wil dalk die verkeerde besluit neem, dink daaraan dat God wel alles weet. Vra jouself af of dit die manier is waarop jy liefde aan Hom wil bewys.

# Problematiese Verantwoordelikheid



**Lisa Botha**

Jy sit in die klas en doen jou werk. Die volgende oomblik klop juffrou Koekemoer aan die klas se deur en vra om met jou buite die klas te praat. Jy dink aan elke moontlike ding wat jou in die moeilikheid kon kry, en probeer 'n storie uitdink om moeilikheid vry te spring.

Wanneer 'n mens in die moeilikheid is, probeer jy aan enige rede dink om vir iets of iemand anders die skuld daarvoor te gee. Verskonings soos "My vriende het my forseer, ek was besig met ander belangrike goed" of selfs – "Ek het nie daarvan geweet nie," word gereeld deur onderwysers aangehoor. As onderwysers vir jou vra om jouself of jou optrede te verduidelik, vertel jy die mees stroopsoetstorie wat vir jou die eerste plek in 'n redenaars-kompetisie kan wen, net om nie strafpunte te kry nie.

Die probleem kom egter in wanneer jy elke klein besonderheid van die storie moet onthou. As jy die heeltyd dieselfde verskoning het, gaan mense begin agterdogtig word en sal jy aan 'n nuwe storie moet dink. Later het jy soveel stories dat jy sélf deurmekaar raak en dele van die storie verander of omruil.

Dit veroorsaak dat mense besef jy praat nie die waarheid nie. Op die ou einde word jy in elk geval uitgevang en moet jy die strafpunt-vormpie vir jou oortreding én die leuens teken.



Mark Twain, 'n bekende Amerikaanse skrywer, het gesê: "If you tell the truth, you don't have to remember what you said."

Deur die heeltyd verskonings uit te dink en ander te blameer vir jou optrede, skep jy 'n slegte beeld van jouself en begin al hoe minder mense jou vertrou. Elke keer wat jy 'n vinger na iemand anders wys, word jou menswaardigheid in ander se oë drie keer kleiner. Jy word berug as iemand wat nie verantwoordelikheid kan neem vir jou optrede nie en altyd die blaam verskuif. Mense begin jou dan al hoe minder vertrou en glo.

Die slegste van alles, is dat jy nie net jouself in die voet skiet wanneer jy nie veranwoordelikheid neem nie, maar dat jy deur jou stories ook ander seermaak. Die mense rondom jou is die slagoffers van jou onverantwoordelike optrede. Of dit is omdat jy vir hulle die skuld gegee het vir iets wat jy gedoen het, en of dit is dat hulle heeltyd vir jou onverantwoordelikke optrede verskoning moet maak, hulle word ook ondertoe getrek as gevolg van jou.

Jy kom buite die klas en juffrou Koekemoer wil onmiddellik weet of jy weet hoekom jy uitgeroep is. Jy sug en dink aan watter antwoord jy op haar vraag moet gee ...

"Ja, Juffrou, ek is verantwoordelik vir..."

# Lojaliteit: Die kleur in die skool se waardeskildery



**Adele Pienaar**

Stel jou voor: Die fluitjie blaas. Die telling is gelykop. Die skare hou hul asems op. Dan, in daardie laaste oomblik, gee die span hulle alles – nie vir hulself nie, maar vir mekaar, vir die skool, vir iets groter. Dít is lojaliteit.

By Hoërskool Jim Fouché is lojaliteit nie net 'n mooi woord wat ons in 'n handboek lees nie. Dit is iets wat ons daagliks leef. Dit is die vriend wat jou rug het, die onderwyser wat jou motiveer, die skare wat skree: "Komaan, JF!"

Natuurlik kry jy verskillende aspekte van lojaliteit: lojaliteit teenoor jou skool, wat beteken om na daai wedstryd wat jy en jou span verloor het, nog steeds met die grootste trots en respek jou baadjie te dra. Akademiese lojaliteit: Dit beteken om getrou te bly aan jou harde werk; nie net vir jou skool nie, maar om jouself te ontwikkel en jou doelwitte te bereik.




Foto: Verskaf

Maar lojaliteit gaan nie net oor prestasies nie – dit gaan ook oor karakter. Dit wys in die manier waarop ons mekaar met respek behandel, eerlik bly in moeilike tye en opstaan vir wat reg is. Dit is die vriend wat vir jou opstaan, die klasmaat wat nie skinder nie, en die JF-leerder wat altyd sy skool met trots verteenwoordig.

Tydens Waardeweek word ons daaraan herinner dat lojaliteit nie net 'n woord is nie, maar 'n leefwyse. Dit is dit wat Hoërskool Jim Fouché 'n skool maak waarop ons trots kan wees! Want as jy een maal 'n JF-leerder is, is jy vir altyd een.



wirulink wireless • fibre • voice • data

STONEY'S Wheel & Tyre

SHC CONSULTING ENGINEERS

# Leer jou nuwe onnies ken

## Leer ken juffrou Ine-Marie



**Ansje Bekker**

Juffrou Ine-Mari Smith is stil-stil besig om haar merk te maak, want oor haar vakke, Besigheidstudies en Verbruikerswetenskap, is sy passievol!

"Ek glo dat Besigheidstudies leerders kan toerus met kennis oor die grootmenslewe wat op hulle voorstoep wag. Die vak help ook met entrepreneurseienskappe, kritiese denke en probleemoplossing."

Sy is ook van mening dat Verbruikerstudies meer as net kook, pret en proe is. Vir haar gaan dit ook oor oor lewensvaardighede, net soos Besigheidstudies – van slim finansiële bestuur tot gesonde, lekker leefstyle en kreatiwiteit.

"Ek wil hê leerders moet hierdie vaardighede gebruik om beter en makliker keuses te maak. Dit gee my vreugde om te sien hoe hulle selfvertroue groei wanneer hulle praktiese take bemeester en sommer net die kombuis geniet."

Haar droom as onderwyseres is om 'n positiewe en blywende impak te maak op elke leerder vir wie sy skool gee. Sy wil hê dat elke kind wat haar klaskamer binnekom, met selfvertroue en 'n passie vir leer moet uitstap, toegerus met lewensvaardighede wat hulle ook in die "regte wêreld" gaan kan gebruik.

"Ek wil graag 'n klaskamerkultuur skep waar leerders voel hulle stem gehoor word en hul drome ondersteun word. As onderwyseres hoop ek om, deur my menswees, 'n bron van inspirasie en leiding te wees, iemand wat leerders motiveer om hul volle potensiaal te bereik."

Oor die lang termyn wil sy graag help om die gehalte van onderrig in die skool verder te versterk. Haar grootste doel en wens is dat elke leerder, ongeag hul agtergrond, met hoop en ambisie na die toekoms kan kyk.

Juffrou Ine-Mari is ook 'n oud-JF'er, en baie dankbaar om terug by haar alma mater te wees. Sy waardeer die "gemeenskapsgevoel" wat hier heers, en die toewyding van die personeel om elke leerder se potensiaal te ontsluit.

Sy het nie 'n spesifieke lewensmotto nie, maar deel 'n paar gedagtes waaraan sy haarself gereeld herinner:


- Soek die lig, selfs in die donkerste oomblikke.
- Jy kan nie altyd beheer wat gebeur nie, maar jy kan beheer hoe jy daarop reageer.
- Behandel ander soos jy self behandel wil word.
- Spreek lewe!

Wat 'n voorreg om so 'n passievolle onderwyseres by JF te kan hê met soveel drome en liefde vir haar leerders.



Foto: Verskaf

## Juffrou Helé Smith
## 'n Vars briesie in die Verbruikersklas



**Twané Meyer**

Jufffrou Helé kom van Brandfort, net 'n klipgooi van Bloemfontein af. Daar het sy haar skoolloopbaan by Staatspresident Swart voltooi. Sy het nie op skool net netbal beoefen nie, maar het ook oor die dansvloer gesweef soos 'n ster wat die nag verlig. Ná skool het sy die kans aangegryp om haar vaardighede uit te brei om haar passies te volg. Sy het vir 4 jaar aan die Universiteit van die Vrystaat BSC Verbruikerswetenskappe studeer en daarna nog 'n jaar NGOS (Nagraadse Onderwyssertifikaat) deur die NWU voltooi.

Juffrou Helé stap graag in haar vrye tyd, vind genot in speletjiesaande en geniet 'n goeie televisiereeks soos *Yellowstone*. Haar gunsteling kossoorte is sonder twyfel braaivleis, soetbrood en sushi! Volgens haar is Verbruikerstudies beslis 'n kombinasie van alles wat sy geniet soos voedsel, interieur, ontwerp, tekstiele en kleding.

Hier is nog 'n paar antwoorde van jufffrou Helé wat van haar sagte geaardheid en liefde vir die Here getuig.

*Wat is Juffrou se doelwit vir 2025?*

"Om my verhouding met die Here te versterk."

*Wat is Juffrou se droom as onderwyseres vir elke JF-leerder?*

"Om uit te styg bo hul omstandighede en die Here te vertrou in die plan wat Hy vir elkeen se lewe het."

*Wat is Juffrou se gunsteling-aanhaling of woorde wat as motivering dien?*

"Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend." Fillipense 4:6

Juffrou Helé, ons hoop dat Juffrou hier by JF altyd geliefd, welkom en gerus sal voel! Ons as die JF-familie sien uit om saam met Juffrou die nuwe hoofstuk van 2025 aan te pak!



Foto: Verskaf

## Juf. Elrie Groenewald – omgee is haar middelnaam



**Elshari Pietersen**

Juffrou Elrie Groenewald is as een van Jim Fouché se nuwe LO-onderwyseresse aangestel, en, nes die graadagts s'n, was die eerste dag vir haar nogal oorweldigend, aangesien dit die eerste keer is dat sy voor in die klaskamer moes staan en klasgee.

Sy is in Bloemfontein gebore en het haar eerste sewe jaar in President Brand Primêre Skool deurgebring, waar sy later haar skoolloopbaan aan die Hoërskool Sentraal voltooi het. Tans is sy besig met haar Honneursgraad in Education Management and Leadership.

"Ek wil 'n verskil in die kinders se lewens maak en seker maak dat elke kind spesiaal voel en voel dat hulle raakgesien word." Dít is haar antwoord toe sy gevra is wat haar droom vir haar loopbaan is. Albei haar ouers was onderwysers, en dit het die passie om met jong mense te werk al van kleintyd af laat ontkiem.

In haar vrye tyd sal sy graag oefeninge doen of enige iets aktief, soos tennis speel, draf, stap en net om



Foto: Verskaf

die natuur se skoonheid in te neem. Dit is vir haar die lekkerste.

Een manier om vinnig uit te vind hoe intelligent 'n persoon is, is om vir hulle te vra watter drie dinge hulle by hulle sou wou hê as hulle op 'n verlate eiland gestrand was, en volgens juffrou Elri se antwoorde het sy baie intelligensie. Die eerste is haar gesin. (Want 'n mens het maar geselskap nodig, en wie wil nou alleen wees wanneer jy op 'n verlate eiland gestrand is?) Tweedens sal dit iets wees om vuur mee te maak en dan laaste 'n mes of 'n visstok – baie slim, want sy gaan sosiaal kan verkeer, kan eet, én kan warm raak in die koue nagte.

Sy sou haarself beskryf met die woord "Omgee" as sy net een sou kon gebruik.

"My hart is altyd oop vir enige iemand om te kom afpak, en wanneer ek iemand sien wat swaarkry, breek my hart en wil ek enige iets doen om hulle te help, al is my hande afgekap." En net soos enige ander omgeemens, is die ding wat haar die meeste kwaad maak, wanneer iemand op iemand anders neerkyk of hulle onregverdig behandel. Dit pas baie goed by haar lewensfilosofie, geïnspireer deur die persoon wat die meeste omgee, Jesus.

"Ek wil hê ander moet vir Jesus sien vóór hulle my sien. Om in God se lig te leef en sy liefde uit te straal – dít is my lewensdoel."

Ons as Hoërskool Jim Fouché is bitterlik opgewonde om haar hierdie skooljaar beter te leer ken!

## JF verwelkom oudskolier - Juf. Elizri Malan



**Lisa Smith**

Jim Fouché verwelkom oudskolier

'n Onderwyser vol passie vir drama en kinders. Iemand wat gedrewe is en tot haar volle potensiaal wil styg. Sy skrik nie vir harde werk nie. Harde werk is vir háár bang.

Juffrou Elizri Malan se liefde vir drama ontwikkel in die hoërskool, met kunswedstryde en tienertonele. Min wetend dat dit die pad vir haar toekoms sou baan.

Met 'n BA van die Universiteit van die Vrystaat in Drama Teaterkuns, én 'n Honneursgraad in Teaterstudie met spesialisering in Toegepaste Teater by Stellenbosch agter die rug, is sy al baie ver op die leer, maar dit stop nie




Foto: Verskaf

daar nie! Terwýl sy hier by JF werk, werk sy ook aan haar Nagraadse Onderwyssertifikaat (NGOS). As dit nog nie julle monde op die grond laat hang nie, het hierdie mekwaardige vrou óók hierdie jaar, wat nog net 'n maand lank is, 'n dramaskool begin genaamd "Dramatiek Produksies." Sy wil hierdie jaar fokus om dit te dryf en te laat groei. Hierdie veelsydige onderwyser, hou ook van kamp en gedigte skryf.

"Kuns maak van ons 'n wêreldbewoner" is Jufrrou se insiggewende woorde. In 'n wêreld vol lelik, sien sy die mooi en wil dit graag met ander deel. Sy wil die tieners met wie sy werk opvoed in meer as net drama.

Laaste maar beslis nie die minste nie, is haar gunsteling-Bybelvers Nahum 1:7: "Die Here is goed, Hy is n toevlug in tyd van nood, Hy sorg vir dié wat by Hom skuil"

## Kultuurdier van Klerksdorp – Juffrou Estelle Kies JF



**Wihan Coetzen**

Sy is ongelooflik lief vir haar moedertaal, sy het meer boeke as wat sy kan tel en sy wil 'n nuwe perspektief skep by leerders. JF verwelkom 'n splinternuwe juffrou in die Afrikaanse departement: juffrou Estelle Delport.

Nadat juffrou Estelle haar hoërskoolloopbaan by Hoërskool Klerksdorp voltooi het, het sy gesoek na verandering. JF se kleurbaadjie was die verandering wat haar naam geroep het. Die skool gee vir haar 'n nostalgiese gevoel wat haar herinner aan waar sy grootgeword het; dus het die skool haar soos 'n handskoen gepas.

Juffrou Estelle se doelwit is om 'n liefde vir Afrikaans onder haar leerders te kweek. Sy wil die algemeen negatiewe siening oor dié



Foto: Verskaf

vak afbreek deur kinders 'n nuwe perspektief te gee oor Afrikaans. Sy is passievol oor letterkunde en wil graag dat leerders haar klas verlaat met nuut-opgedoende lewenskennis.

Buiten dat sy 'n nuwe lid van ons koshuis is, is juffrou Estelle betrokke by 'n hele paar ander buitemuursaktiwiteite. Sy gaan by debat en redenaars betrokke wees, en gaan ook groot hulp bied by die voorbereide lees en kunswedstryd. Sy gaan ons skool vérder ondersteun deur 'n belangrike rol by ons sosiale media te speel.

Haar liefde vir letterkunde gaan gepaard met haar liefde vir lees. Sy het só 'n groot versameling van boeke gehad dat sy dit moes verminder toe sy na Bloemfontein verhuis het. Sy het stééds te veel boeke om als by die koshuis te hou. Juffrou Estelle hou ook daarvan om musiek te luister en om dokumentêre programme te kyk.

Ons weet dat juffrou Estelle sommer vinnig in haar leerders se harte gaan inkruip, en dat sy werklik sal help om 'n verskil te maak by JF.

# Mik ’n rol



Elshari Pietersen

Rolbal is ’n sport wat baie onderskat word. Soos enige ander sport verg dit konsentrasie en koördinasie; jy moet nog steeds teenoor die ander deelnemers respek betoon en dan, soos enige sport maar is, is dit kompeterend.

Vier van ons Hoërskool Jim Fouchéleerders het van 29 tot 31 Maart aan ’n nasionale rolbal-kompetisie deelgeneem. Om jou ’n idee te gee – daar was ongeveer 400 deelnemers van oud na jonk. Dit is die eerste keer dat ’n junior span (Die o.18 Suid-Vrystaatspan) ’n goue medalje kry. Merkwaardig is dat drie van daardie span Jim Fouché-leerders is, nl. Karli Botha, Christiaan Botha en Jayden Jansen van Vuuren. Hulle het 18-16 teen die Gauteng-Noord span gewen, wat vir die goud gesorg het. Dit was Jayden se eerste nasionale kompetisie as deel van die o. 18-span, terwyl hy nou eers 15 is. Karli is ook aangewys as een van die 10 beste o. 18-deelnemers vir die geleentheid. Die o. 15 Suid-Vrystaatspan, waarvan Xander Nikolov (ook ’n JF-leerder) deel was, het ’n silwer medalje gekry.

Hoogtepunte vir die leerders het ingesluit toe hulle die semi-finaal teen Sedibeng gewen het, en om die finaal (teen Gauteng-Noord) te wen.

Maar met alle hoogtepunte, kom daar ook struikelblokke. Vir die onder 15’s was dit omdat hulle twee uit sewe wedstryde verloor het, wat hulle uiteindelik die goue medalje gekos het. Vir die onder 18’s was dit die feit dat hulle nie baie saam geoefen het as ’n span nie, wat veroorsaak het dat hulle nie mekaar se sterk en swak punte so goed ken soos wat mens eintlik op hierdie vlak wil nie. Dan was daar ook die onweer wat die bane nat gemaak het en die rol van die balle beïnvloed het.

Die o/18’s sê dat hulle nou sal moet aanhou saam oefen om weer volgende jaar so goed te doen. Boonop gaan hulle vir Christiaan moet vervang, aangesien hy volgende jaar te oud gaan wees vir die o. 18-span en by die o. 25-span gaan moet aansluit.

Die o. 15’s se mikpunt is om nou – soos die o. 18’s – harder te oefen en aan meer wedstryde deel te neem sodat hulle volgende keer ook die beker huis toe kan bring.

Vir nuwe rolbalspelers het hierdie klomp talle goeie advies. Moenie ongelukkig word as jy vir die eerste keer sukkel nie; dit vat ’n goeie rolbalspeler minstens vier tot vyf jaar om ’n kompetisie te wen, hou net aan oefen. Jy sal meer verloor as wen, maar hou moed en wees wakker, want jy leer meer uit kere wanneer jy verloor as uit dié kere wat jy wen. As iemand jou raad gee, vat dit, want onthou: Jy leer ook nog. Die belangrikste: Moet vir seker nie na diegene luister wat vir jou sê dat dit ontmoontlik is nie!



**Karli Botha in aksie tydens die nasionale byeenkoms.**

Foto: Johan van der Wath

# Vriende en hope waatlemoen

## *Vriende langs die veld; opponente tussen die lyne*



Joané de Beer

Die Voortrekkers weet beslis hoe om die nuwe jaar op die regte noot af te skop! Die Waatlemoenfees is ’n tradisie wat al lank deur die Voorslag Kommando gehou word met die doel om die nuwe kinders wat wil aansluit, te laat welkom voel.


Dit bied ook die geleentheid vir die ou Voortrekkers om op te vang na die laaaang Desembervakansie. Oom Bertie Eimer, die kommandoleier van Voorslag, praat ook oor wat vir die jaar voorlê, en daarna is dit tyd om waatlemoen op te slurp en jou bas in die swembad te kry! Die res van die middag word net saam met vriende in die swembad of met waatlemoen in die hand geniet.

Die Waatlemoenfees is so ’n lekker manier om die jaar af te skop, en dit skep beslís ’n positiewe houding en goeie atmosfeer vir die res van 2025.



**Leane van der Walt en Theani saam by waatlemoenfees.** Foto: Verskaf

# Hou bene hou!



Joané be Beer

Die Jim Fouché-atlete het beslis die vakansie by die Nasionale Hoërskole Atletiekbyeenkoms presteer. Met hulle puik prestasies het hulle JF se naam só ver en hoog gedra soos wat hulle kon hardloop, stoot en spring.

Franzelle Barnard (in graad 8) het fantasties presteer, en is gekroon as die SA kampioen vir dogters o. 15-hoogspring, met ’n hoogte van 1,64 meter. (Dit is hoër as wat party mense lank is!)

Sowel Danell Oelofse as Amoné Verwey het tweede plekke behaal. Danell in die 2000 m hindernis vir o. 17-dogters, met ’n tyd van 7 minute en 19 sekondes, en Amoné in die dogters 200 m in die o. 19-afdeling, met ’n tyd van 25,13 sekondes. Danell Oelofse het ’n verdere sesde plek in die 3000 m vir dogters o/17 behaal. Amoné Verwey en Maruné Dreyer het ook as deel van die Vrystaat-aflosspan deelgeneem, en hier het die Vrystaat ’n uitmuntende tweede plek behaal.

Met ’n afstand van 49,48 m, het Conrad van der Zwaard ’n derde plek behaal in die seuns o. 19-diskusitem.



**Hoogspringer, Anri Rautenbach in aksie.** Foto: Charmaine Botha

Hy het ook ’n agste plek vir seuns o. 19-gewigstoot behaal. Johaney du Toit behaal ’n 5de plek in die dogters o. 19-hamergooi, terwyl Neldri du Toit ’n agste plek in die dogters o. 17-hamergooi verwerf.


Die uitslae eindig ook nie daar nie! Hanel Browne het ’n vierde plek behaal in die dogters o. 17-driesprong, en ’n agste plek in die dogters o. 17-verspring.

Anri Rautenbach het ’n sewende plek vir dogters o/17 hoogspring behaal.

As jy gedink het dat dit al die prestasies is, is jy verkeerd, want hier volg nóg uitstekende uitslae! Maruné Dreyer het ’n agste plek in die dogters o. 17-hekkies behaal, en Nico Coetzee ’n sewentiende plek in die 200 m vir seuns o. 15.

Die dryf en uithouvermoë wat hierdie atlete het, word gereflekteer in elke prestasie wat hulle behaal het. Hulle is werklike voorbeelde van TROTS JF!

# JF–Tennis skitter op die tennisbane



Lisa Botha

Jim Fouché se tennisspanne het van 7-8 Februarie met ’n brandende gees deelgeneem aan die Van Niekerk-en-Koen Tennistoernooi te Burgersdorp. Dit was nie net ’n toernooi nie, maar ’n slagveld van talent, uithouvermoë en suiwer JF-mojo!

Ons 0/15-seunspan het met hul rakette geskitter en Burgersdorp 2 met ’n skitterende 10/4 afgeransel. Ná ’n knou teen De Aar se 0/19-span (3/11), het hulle soos ware kampioene teruggeveg en Cradock (8/6) en Burgersdorp 1 (8/6) stof in die oë geskop. Toe kom die grootste uitdaging: Niks anders as ’n JF teen JF-stryd nie! Die 0/15’s moes egter die knie buig teen ons magtige 0/19-span (1/13), maar hulle het hulself reggeruk en ’n oorwinning teen Union (9/5) behaal. Middelburg was ’n taai opponent, maar die jong manne het hul moed getoon, al het hulle 2/12 verloor.

Die 0/19 gemengde span het met ’n blitskrag begin en Burgersdorp (37/19) en Burgersdorp 2 (13/1) met styl afgerond. Daarna het hulle Cradock (35/21) gesystap en hul eie 0/15-span ’n tennisklas gegee (13/1).



**JF-Tennis leerders reg vir die toernooi.** Foto: Verskaf

Maar toe kom die kragtoetse teen Middelburg en De Aar – en wát ’n stryd! Dit was hou vir hou ’n wedstryd van presisie en senuwees van staal! Al was die uitslae skerp (26/30 teen beide spanne), het hulle steeds ’n puik 3de plek ingeneem. ’n Fantastiese prestasie!

Aan al ons spelers: Julle het elke punt, elke sweetdruppel, en elke hou op die baan die moeite werd gemaak. JF-Tennis is hier om te bly – sien julle by die volgende toernooi, waar ons nóg groter gaan wen!



NWU PUKKE
KWIKSPAR GARDENIAPARK
i'm lovin' it

Oester Sportuur
Sport en Kultuur

# Green Machine

## JF rugby wys waar die trekker staan



Theani Botha

G-E-E-S
Een woord. Vier letters.

Behalwe op Vrydag, 21 Maart, toe dit sommer twaalf letters was ...

Of dalk eerder: twaalf baie brawe seuns, groen geverf van kop tot toon, met goud in die hare en oranje letters op die lyf – elkeen 'n lopende, lewende deel van die masjien wat Jim Fouché se gees aandryf.

Met vuur in hul oë en trots in hul harte het hulle ons eerste span, beter bekend as die Green Machine, in die stryd ondersteun teen niemand minder nie as Bethlehem Voortrekker Hoërskool. En die uitslag? 'n Kragtige 28 – 10 oorwinning in JF se guns!

Soos die tradisie dit voorskryf, het ons 'n tonnel gevorm – nie sommer net 'n gewone tonnel nie, maar 'n tonnel gevul met krete, sang en kloppende harte. Elke speler wat daardeur gestap het, het geweet: Hier kom 'n oorlog, en agter my staan my mense.

Kaptein Qian Möller het ná die wedstryd breed geglimlag en gesê:

"Ek voel baie positief. Ons is baie bly oor die wen! Dit was goeie voorbereiding vir die res van die seisoen. Dis ons tweede Wesgrow-wedstryd en ons eerste wen – 'n stewige statement om vir Voortrekker, wat 'n groot naam in Wesgrow is, te klop. Ek sien regtig uit na die seisoen en alles wat kom."

Maar dit was nie net die manne op die veld wat hul kant gebring het nie. Die gees van die skare – elke gejubel en gejuig – het vir elke teenstander gewys: Jim Fouché is nie net n skool nie, dis n leefwyse!

As daar ooit 'n oomblik was wat jou hoendervleis gegee het, was dit toe daardie twaalf groen-en-goud krygers hul letters trots ten toon gestel het, en so deel gevorm het van die groter prentjie: Span ... Skool ... FAMILIE.

Vrydag was meer as net 'n wen. Dit was 'n bewys dat as jy saamstaan – of jy nou geverf is, sweet of skree – niemand die Green Machine kan stop nie.

Voortrekker het dit gebring, maar JF het vir almal gewys wie nou éintlik voor trek.






Foto bo: Lynstaan van die eerste rugbyspan. Foto onder: Graad 8 leerders as die "Green Machine".
Fotos: Mishka van Biljon



Personeel
Ontmoet die nuwe personeel
8



Atletiek
JF skitter op die baan
9

KONICA MINOLTA